15 APRIL 1932.

Die Burger.

# „Rewolusionêre" Maandblad

## STUDENTE WORD VANDAG VERRAS

## Wil Indiwidualisme op Stellenbosch Bevorder

(Meegedeel.)

STELLENBOSCH, Donderdag. — Môre sal die studentegemeenskap van Stellenbosch, behalwe tien lede daarvan, verras word deur die verskyning van 'n nuwe „rewolusionêre" maandblad vir studente onder die tietel *Pro Libertate*. Stelselmatig is die nuus versprei dat 'n nuwe blaadjie môre sal verskyn, maar behalwe tien studente weet niemand iets van die aard of die eienaars daarvan af nie. Selfs die drukkers weet nie wie die eienaars is nie. Dit staan egter vas dat dit 'n suiwer studente-onderneming is.

Die blad sal tweetalig wees en uit vier bladsye bestaan wat gedeeltelik beslaan sal word deur nuus, hoof- en sub-artiekels en besprekings oor sake van algemene belang. Bydraes van letterkundige aard word nie opgeneem nie.

Die hoofartiekel verklaar dat die blad „van studente en vir studente" is en dat dit as sodanig die „bevordering van studentebelange ten doel het, 'n bevordering wat langs dié weg en met dié middels sal geskied wat hom die billikste voorkom."

**INDIWIDUALISME.**

Die blad wil indiwidualisme onder studente bevorder. „In die ontwaking van die indiwidualiteitsbewussyn van elke student lê die beste vooruitsigte vir die toekoms. Daardie ontwaking wil *Pro Libertate* met al die krag tot sy beskikking bespoedig en waar dit nodig mag blyk, beskerm." Dit is blykbaar die hoofdoel van die blad wat kla oor gebrek aan indiwidualisme by die Stellenbosse studente.

Miskien sal die blad die s.g. wrywing wat onlangs tussen die Kweekskool- en die Universiteitstudente by die verkiesing van die S.V.R. ontstaan het, weer aanwakker, want hy rig 'n heftige aanval teen die Kweekskoolstudente „wat hulle aan die Universiteit laat inskryf net om hulle met die sake van die Universiteitstudente te bemoei."